### *Gelykenis van die nuwe klere en die nuwe wyn*

**124** **Ek** sê: "My leer is soos `n nuwe gewaad; julle s'n is egter oud, vol skeure en gehawend, en daarom het julle dan ook vandag op die sabbat, ondanks Moses en Johannes, sonder enige gewetensbesware, vis kon vang! My leer is derhalwe `n nuwe en mens kan daar nie `n stuk afhaal en daar julle ou, geskeurde gewaad mee lap nie. En as `n mens dit sou doen, dan sou mens daardeur slegs nog groter skeure veroorsaak as wat daar al is, want die nuwe stuk skeur tog weer van die ou, verslete gewaad af en maak die skade groter. *(Matthéüs. 9: 16)*

*[2]* Ook kan jy My leer vergelyk met `n nuwe, jong wyn wat mens nie in ou sakke gooi nie, omdat hulle sal skeur, waardeur die jong wyn vermors word; maar mens gooi die jong wyn in nuwe, stewige sakke en op die manier bly beide behoue, die wyn en die sak. Verstaan jy dit?" *(Matthéüs. 9: 17)*

[3] **Die leerlinge van Johannes** sê: "Ons hoor dit wel goed, maar dit is alles nie so maklik volledig te begryp wat U daarmee wil sê nie. Kan U Uself miskien daarom ietwat begrypliker uitdruk?"

[4] **Ek** sê: "Of Ek My nog begrypliker sou kan of wil uitdruk? Ja, ja, Ek sal kan as Ek wil! Maar Ek wil hier nie makliker te begryp wees nie en daarom sê Ek daaroor maar slegs dit dat julle ou geskeurde klere en ou verweerde sakke is wat nie meer vir My leer sal deug nie. My leer sou jou van jou soete aardse lewe ontneem wat tog julle hoogste goedheid is en vir die verbetering daarvan waarvoor julle alles doen. Waarvoor jy selfs op die sabbat swaar werk verrig by die visse, slegs maar om in jou aardse lewe `n beter en sorgeloser bestaan te kan hê en, indien moontlik, daarnaas nog `n bietjie gerief. Die armes sien jy egter nie, nie die siekes nie en ook nie die gebreklikes nie, ewemin die hongeriges en die dorstiges!

[5] Dit is immers so dat diegene wat met `n vol buik rondloop, nie in die minste merk hoe die arme pyn het van die honger en hoe sy maag brand nie! Ook merk julle, wat goed geklee is, niks van die koue as die winter kom nie; want julle het baie middele om die winter aangenamer vir julle te maak as die warm somer. En as daar `n halfnaakte bewend van die koue by jou kom en sy nood bekla en jou vra vir warm klere, dan vererg jy jouself en jy gee hom `n nydige antwoord en sê: "Gaan weg, jou lui mens! As jy in die somer gewerk het, dan sou jy in die winter geen nood gely het nie! Bowendien is dit gladnie so koud nie, `n bedelaar moet nie so week en gevoelig wees nie!"

[6] Maar **die bedelaar** sê: "Meester, ek het die hele somer en herfs gewerk, maar die loon vir my sware werk was nie `n duisendste deel van dit wat my meester uit my werk verkry nie; daarom kan my werkgewer hierdie winter wel warm geklee rondloop, maar ons, sy sleg betaalde arbeiders wat die geringe loon die somer al ruimskoots moes opmaak, ly nou in die winter - nie omdat ons die somer nie gewerk het nie, maar slegs omdat ons te weinig loon kry. Die wins van die meesters is die oorsaak van ons nood!"

[7] Kyk, dit is die taal van die bedelaar, buite rekening gelaat dat daar soms so hier en daar onder die talle bedelaars `n paar sondaars is wat hulle armoede verdien het!"

[8] **Die leerlinge van Johannes** sê: "Aha, dit is oordrewe! Want so is dit nie! `n Getroue en reggeskape arbeider het nog nooit rede gehad om hom oor sy werkgewer te bekla nie! Wie wil werk, kry winters en somers werk, verdienste en ete en kleding! Dat mense die luilakke die deur wys, almal van ons sê dat dit so hoort."

[9] **Ek** sê: "Julle wel, dit weet Ek maar al te goed! Maar Ek nie, dit sê Ek vir julle! En waarom nie, dit sal julle reguit hoor. Vertel My eers: wie het die meer en die baie goeie vis daarin geskape?"

[10] **Die leerlinge van Johannes** antwoord: "Nou, dit is tog geen vraag nie! Wie sou dit anders kan doen as slegs Elohim?! - Ek sê: "Nou goed, vertel dan eers of julle van Elohim `n skriftelike bewys gekry het waarin staan dat slegs julle die reg het om die goeie en duur vis uit die meer te vang, vir baie geld te verkoop, dan die hele wins in jul sak te steek en kwalik `n duisendste deel aan jou ywerige knegte te gee, wat tog dikwels met gevaar vir sy eie lewe die sware werk verrig het!"

[11] **Die leerlinge van Johannes** sê: "Dit is alweer `n belaglike dom vraag! Waar op aarde is daar iemand te vinde wat `n eiendomsbewys kan toon wat deur Elohim gegee is? Daarvoor het Elohim `n staatshoof aangewys en hy skryf in Elohim se plek die eiendomsbewyse uit; en wie deur die staat as besitter aangemerk is, hy is dit ook wetlik voor Elohim. Bowendien moet elke reghebbende vir sy duur gekoopte reg ook nog elke jaar allerlei tiendes en ander belasting aan die staat betaal en is daarom dubbel geregtig om die nodige wins te maak."

[12] **Ek** sê: "Ja ja, so is dit inderdaad op aarde, maar dit het Elohim nie ingestel nie, maar die self- en heerssugtige mense het dit gedoen! Húlle het sulke wette en sulke reëls gemaak. Maar aan die begin van die wêreld was dit nie so nie, toe was die hele

aarde vir `n lang tyd die gemeenskaplike besit van almal!

[13] Toe daar egter uit die mense van die kinders van Kain `n deel van die aarde in vaste en erflike besit geneem is en daarvoor wette en `n self- en heerssugtige orde gemaak is, toe duur dit dan ook geen duisend jaar meer nie!

[14] Elohim het toe toegelaat dat die sondvloed kom, waardeur almal verdrink het, op `n paar na wat behoue gebly het. En so sal dit weer gaan!

[15] Elohim is weliswaar baie lankmoedig en het baie geduld, maar Hy sal vir julle gedoentes weldra moeg word; en let daar dan op wie na julle die aarde sal besit!

[16] Dat julle egter so redeneer, is wel `n heel duidelike bewys dat julle geloof en julle regsleer `n ou, geskeurde kledingstuk is wat geen nuwe lap kan verdra nie en dit is ook net soos `n ou sak, waarin mens geen nuwe, jong wyn kan gooi nie. Want julle is almal, sonder uitsondering, slegte en selfsugtige mense! Verstaan julle My nou?"

### *JaHshua praat verder met die leerlinge van Johannes die Doper. Die vertroue van Matthéüs die tollenaar*

**125** **Die leerlinge van Johannes** sê: "Doen ons dan verkeerd as ons lewe volgens die leer van Johannes? Johannes was beslis `n streng prediker, maar so `n leer het hy ons nie gegee nie.

[2] Kyk, die orde van die Esseners wat aan ons bekend is, is ook streng en hulle eerste gebod is waaragtigheid; maar wat het hulle aan al hulle waaragtigheid en al hulle andere streng reëls? Wie respekteer hulle? Nòg die Grieke, nòg die Judeërs waardeer hulle, slegs by die Romeine skyn hulle `n paar aanhangers te hê. Al is die leer waarvolgens hulle lewe op sigself nòg so goed en suiwer, dan is dit tog slegs maar vir `n paar mense wat hulleself daarvoor van die wêreld teruggetrek het, sekerlik heel goed, maar vir die totale mensdom algeheel onbruikbaar.

[3] Watter nut het al die mooi en kragtige woorde vir die saak van die algemene broedergees?

[4] Kyk, hierdie huis is `n groot en gasvrye huis en dit is, in die lig van die goeie saak van die broedergees bekyk, sonder weerga; maar kan U nou van die gasheer redelikerwys verwag dat hy altyd gereed moet staan om al die mense, wat tog sonder meer ons broers is, op te neem en te versorg? Ook al sou hy dit graag wil doen, en homself dit voorneem, dan sal die middele wat daarvoor nodig is, soos ruimte, eetware en ander dergelike dinge hom tog daartoe ontbreek.

[5] Gestel dat `n paar arm mense niks meer besit nie as `n selfgeboude hutjie en vir die winter `n baie karige voedselvoorraad, waarmee hulle slegs ter nouernood aan die lewe sal kan bly totdat die aarde weer vrug sal begin dra. En daar kom nou tien mense na hulle toe, dus benewens die twee wat self kwalik ruimte genoeg het in hulle hut, en hierdie tien vra om binne gelaat te word en om onderdak en voedsel. Sê dan eers, watter leer kan dan hierdie twee gebied, of selfs maar aanraai of sê dat dit goed en seënryk sal wees om die wens van die tien tegemoet te kom wat in die deur staan en hulleself daardeur geheel en al ten gronde te rig?!"

[6] **Ek** sê: "**Elke voël sing en tjirp soos wat hy gebek is** en so praat julle met julle wêreldse verstand en julle kan nie anders praat nie, omdat julle dit nie anders sien nie! En dit is dan ook al wat Ek julle daarop gaan antwoord. Want al sou Ek ook iets hoërs en waaragtigs uit die hemele aan julle meedeel, dan sou julle My tog nie begryp nie; want julle **harde harte** het daar geen begrip voor nie!

[7] Julle dwase! Wie laat dan die vrugte groei en ryp word op die aarde? Wie onderhou dit en gee dit steeds hulle krag? Glo julle dan dat Elohim diegene wat wegkwyn en hulleself opoffer vir hul behoeftige broers, niks kan of wil vergeld nie? Of dink julle dat Elohim onregverdig is en die onmoontlike van die mense verlang?

[8] Ek is van mening dat dit vir elkeen heel moontlik is om `n waaragtige, eerlike, goeie wil te hê en die vurige wens om aan `n arme broer, waar dit maar moontlik is, goed te doen.

[9] As elkeen hier volledig daarvan deurdronge was, dan sou daar op aarde ook geen enkele armsalige ou hutjie meer wees waarin maar twee mense kon woon nie.

[10] Dit huis van My vriend Matthéüs het vandag baie mense gevoed en hy gee sy hele voorraad weg vanuit `n ware, goeie hart en as jy dit nie wil glo nie, gaan kyk dan in die voorraadkamer en op die koringsolder en julle sal daar geen voorraad daar vind nie! Hier staan die Meester van die huis; vra hom of Ek onwaarhede vertel!"

[11] **Matthéüs** bevestig my uitspraak geheel en al en sê: "Meester, dit is vandag helaas so en ek weet nie hoe ek môre die gaste gaan versorg nie. Maar so was dit al dikwels en ek vertrou op Elohim - en kyk, daar kom altyd weer voldoende, sodat ek die gaste kan gee wat hulle nodig het!"

[12] "Kyk", sê **Ek** daarop, "so dink en handel `n goeie mens in hierdie wêreld en hy bekla hom nie dat Elohim hom ooit in die steek gelaat het nie. En so is dit ook altyd gewees en sal dit vir ewig wees!